**H/S MONTAGU** POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390
EPOS: mhsadmin@barvallei.co.za WEB: www.hsmontagu.com

# BELEID: TAAL

Voorsteller: P. Olivier

Sekondant: L. Ferreira

**Hierdie beleid is <u>eenparig</u> goedgekeur deur die lede van die Beheerliggaam teenwoordig op** 13/08/2025 **en lede teenwoordig parafeer elke bladsy (lede afwesig word so aangedui):**

| | |
|---|---|
| Mev. M. Dettbarn (Voorsitster) | ............................................ |
| Mnr. N. Joubert (Ondervoorsitter) | Afw. |
| Mnr. P. Olivier (Tesourier) | ............................................ |
| Mev. J. Beukes (Sekretaresse) | ............................................ |
| Mnr. J. Benadie (Skoolhoof) | ............................................ |
| Mev. L. Ferreira (Opvoederlid) | ............................................ |
| Mnr. D. Büre (Ouerlid) | ............................................ |
| Mnr. C. Hanekom (Ouerlid) | ............................................ |
| Mnr. P. Strydom (Ouerlid) | Afw. |
| Mev. M. O'Shea (Ouerlid) | Afw. |
| Mev. L. Lewis (Nie-opvoeder lid) | ............................................ |
| Leerderlid 1: Kezia Malgas | Afw. |
| Leerderlid 2: Amy-Leigh Shirley | ............................................ |

HOËRSKOOL HIGH SCHOOL
SKOOLSTEMPEL
13 AUG 2025
MONTAGU

**H/S MONTAGU** POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390
EPOS: mhsadmin@barvallei.co.za WEB: www.hsmontagu.com

# TAALBELEID VAN H/S MONTAGU

## Inhoudsopgawe

1. Inleiding ........ 2
2. Faktore in ag geneem ........ 2
3. Onderrig en eksaminering ........ 2
4. Beleid oor onderrigtaal ........ 3
5. Bevordering van veeltaligheid ........ 3

***Taalbeleid***

## 1. Inleiding

Hierdie dokument is die taalbeleid van Hoërskool Montagu wat op **13 Augustus 2025** deur die skoolbeheerliggaam goedgekeur is. Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

## 2. Faktore in ag geneem

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

2.1. Die belange van die leerders

2.2. Die belange van die skoolgemeenskap

2.3. Die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is.

2.4. Die vermoë van die skool

2.5. Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik.

2.6. Internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig

## 3. Onderrig en eksaminering

Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens (assesserings) geskied in die taal/tale van onderrig van die skool.

**H/S MONTAGU** POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390
EPOS: mhsadmin@barvallei.co.za WEB: www.hsmontagu.com

## 4. Beleid oor onderrigtaal

4.1. Die skool is 'n enkelmediuminstelling.

4.2. Die taal van onderrig is AFRIKAANS van graad 8 tot graad 12.

4.3. Die keuse in onderrigtaal moet aangedui word wanneer die leerder aansoek doen om toelating tot die skool.

## 5. Bevordering van veeltaligheid

Die skool bevorder veeltaligheid deur, benewens die onderrigtaal/onderrigtale, ook Afrikaans en Engels as volwaardige taalvakke by die skool aan te bied.

Dit geskied soos volg:

Tale wat as volwaardige vakke aangebied word as Enkelmediumskool:

5.1. Afrikaans as Huistaal

5.2. Engels as Eerste Addisionele Taal

5.3. Engels as Huistaal

Elke opvoeder by die skool doen redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistaal en/of onderrigtaal te bevorder.

GETEKEN TE Montagu OP HIERDIE 13de DAG VAN Augustus 2025

VOORSITSTER: Mev. M. Dettbarn

SEKRETARESSE: Mev. J. Beukes

*"Die skool in die platteland, vir die platteland!"*